# FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK AS SPESIALITEIT IN MAATSKAPLIKE WERK: DEFINIËRING EN TERREIN

Erika Scheepers

2008

# VOORSKRIFTE AAN OUTEURS

Die tydskrif *Carsa* publiseer artikels, boekbesprekings en kommentaar op reeds gepubliseerde artikels uit enige gebied.

Bydraes mag in Afrikaans of Engels geskryf word. Alle artikels moet vergesel wees van 'n Engelse opsomming van nie meer as 100 woorde nie. Alle bydraes sal krities deur ten minste twee keurders beoordeel word. Beoordeling is streng vertroulik. Manuskripte sal na outeurs teruggestuur word indien ingrypende hersiening vereis word of indien die styl nie ooreenstem met die tydskrif se standaard nie. Artikels van minder as 2, 000 woorde of meer as 12, 000 woorde sal normaalweg nie vir publikasie oorweeg word nie. 'n Disket met die hele teks, verkieslik in MS Word for Windows moet die hele manuskrip en twee kopieë van die manuskrip vergesel. Manuskripte moet in 12 pt "Times Roman" dubbelspasiëring slegs op een kant van 'n A4-bladsy getik word. Indien enigsins moontlik moet die manuskrip per e-pos aan sapsac@cybertrade.co.za versend word. Verwysings moet volgens die Harvard-stelsel geskied. Verwysings in die teks: Wanneer woordelikse sitate, feite, of argumente uit ander bronne aangehaal word, moet die van(ne) van die outeur(s), jaar van publikasie en bladsynommers tussen hakies in die teks verskyn, bv. "....." (Berger, 1967: 12). Meer besonderhede omtrent bronne moet alfabeties volgens vanne van die outeurs aan die einde van die manuskrip onder die opskrif "Bibliografie" verskyn.

**FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK AS SPESIALITEIT IN MAATSKAPLIKE WERK: DEFINIËRING EN TERREIN**

***ERIKA SCHEEPERS***
BA (MW)

Manuskrip voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes

vir die graad

MAGISTER ARTIUM
in
MAATSKAPLIKE WERK (IN FORENSIESE PRAKTYK)

in die

FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE

aan die

NOORDWES UNIVERSITEIT

(POTCHEFSTROOM KAMPUS)

Studieleier: Dr.C.C. Wessels
Hulpleier: Prof E van Rensburg
Potchefstroom
2008

## DANKBETUIGINGS

- Alle eer en dank aan my Hemelse Vader vir die geleenthede wat Hy aan my voorsien het, vir die deure wat Hy vir my geopen het en die spesiale mense wat Hy oor my pad gebring het.
- 'n Spesiale dankie aan my dierbare Moeder en Vader vir hul ondersteuning en navolgenswaardige voorbeeld!
- Aan my man Johan, en kinders Dominique en Dantri, dankie vir al die ondersteuning en verstaan as mamma nie daar is nie. Sonder julle sou ek nie hierdie taak kon voltooi nie.
- Dankie ook aan my sussie Marti, vir jou dáár wees vir my kinders en jou ondersteuning aan my.
- Aan Dr. Wessels, u is 'n navolgenswaardige voorbeeld en was deurentyd 'n onuitputlike bron van motivering. Dankie daarvoor!
- My vriendin, kollega en mede student, Sufran, dankie vir al jou hulp bystand en ondersteuning.
- Me Anita Grobbelaar dankie vir al die waardevolle insette wat jy gelewer het in die ontwikkeling van my professionele identiteit.
- Dr. A.M. Blignaut dankie ook vir al u ondersteuning, toegewydheid en insette. U het 'n groot rol gespeel in my persoonlike en professionele ontwikkeling.

# INHOUDSOPGAWE

DANKBETUIGINGS ........ I
INHOUDSOPGAWE ........ II
OPSOMMING ........ IV
ABSTRACT ........ V
VOORWOORD ........ VI
VOORSKRIFTE AAN OUTEURS ........ VII
FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK AS SPESIALITEIT IN MAATSKAPLIKE WERK: DEFINIËRING EN TERREIN ........ 1
1. INLEIDING ........ 1
2. PROBLEEMSTELLING ........ 2
3. DOELSTELLING ........ 5
4. SENTRALE TEORETIESE STELLING ........ 5
5. METODE VAN ONDERSOEK ........ 5
5.1 LITERATUURSTUDIE ........ 5
5.2 EMPIRIESE ONDERSOEK ........ 6
5.2.1 DIE NAVORSINGSONTWERP ........ 6
5.2.2 NAVORSINGSDEELNEMERS ........ 7
5.2.3 MEETINSTRUMENTE ........ 8
5.2.4 ETIESE ASPEKTE ........ 8
5.2.5 DATAVERWERKING ........ 9
5.2.6 NAVORSINGSPROSEDURES ........ 9
6. BESPREKING VAN DIE NAVORSINGSRESULTATE ........ 9
6.1 PROFIEL VAN RESPONDENTE ........ 9
6.1.1 OUDERDOM VAN DIE RESPONDENTE ........ 10
6.1.2 JARE ONDERVINDING IN DIE BEROEP MAATSKAPLIKE WERK ........ 11
6.1.3 MOEDERTAAL VAN DIE RESPONDENTE ........ 12
6.1.4 GEOGRAFIESE LIGGING VAN DIE RESPONDENTE ........ 13
6.1.5 HOOGSTE KWALIFIKASIE WAAROOR DIE RESPONDENTE BESKIK ........ 15
6.1.6 WERKPLEK VAN DIE RESPONDENTE ........ 15
6. DIE AARD VAN FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK ........ 16
6.2.1 DEFINISIES VAN FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK: ........ 16
6.2.2 DIE TERREIN VAN FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK ........ 25
7. LEEMTES WAT ERVAAR WORD IN DIE PRAKTYK ........ 27
8. GEVOLGTREKKINGS ........ 29
9. AANBEVELINGS ........ 30
10. SAMEVATTING ........ 31
BRONNELYS ........ 33

## LYS VAN DIAGRAMME

DIAGRAM 1: OUDERDOM VAN DIE RESPONDENTE .......... 10
DIAGRAM 2: JARE BEROEPSONDERVINDING .......... 11
DIAGRAM 3: GEOGRAFIESE LIGGING VAN DIE RESPONDENTE .......... 13
DIAGRAM 4: DEFINISIES VAN FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK .......... 17

## LYS VAN TABELLE

LYS 1: MOEDERTAAL VAN DIE RESPONDENTE .......... 12

# OPSOMMING

**FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK AS SPESIALITEIT IN MAATSKAPLIKE WERK: DEFINIëRING EN TERREIN**

**SLEUTELTERME:** Forensiese Maatskaplike Werk, Terrein

Die professie van Maatskaplike Werk word al jare reeds deur die Regsisteem benut om die hof by te staan met die evaluering van 'n persoon se persoonlike omstandighede en die verloop van die regspleging. In die praktyk word daar dikwels vanselfsprekend aanvaar dat 'n persoon wat as maatskaplike werker gekwalifiseer is, oor die nodige kennis en toerusting beskik om die hof by te staan. Hierdie wanopvatting heers ook onder die lede van die maatskaplike werk professie self.

Hierdie artikel fokus op die uitklaring van die definisie van Forensiese Maatskaplike Werk* en wat die terrein van Forensiese Maatskaplike werk behels. Indien 'n toepasbare definisie vir die Suid-Afrikaanse opset bepaal word, sal dit die Suid-Afrikaanse raad vir Maatskaplike Diensberoepe in staat stel om die rigting as spesialisveld te bestuur. Dit beteken dat die maatskaplike werker wat forensiese maatskaplike werk verrig, sal moet beskik oor bepaalde kundigheid, ervaring en superieure kennis wat nie op voorgraadse vlak bekom word nie.

Die bevindinge van die studie sal bespreek word en 'n definisie en moontlike terreine sal voorgestel word om forensiese maatskaplike werk as 'n spesialisteveld te identifiseer.

# ABSTRACT

**FORENSIC SOCIAL WORK AS A SPECIALIZED FIELD IN SOCIAL WORK.**

**KEYWORDS:** Forensic Social Work, Scope.

Since the inception of Social Work as a profession, the profession has assisted the legal system of South Africa with the evaluating and/or assessment of individuals as part of the legal processes as requested by the legal system.

The presumption that a degree in social work qualifies a social worker to assist the court with the above mentioned processes, is misplaced , even amongst the social work professionals themselves. This article focuses on the definition and scope of Forensic Social Work in the South African context. This will assist the SACSSP to establish criteria to register Forensic Social Work as a specialized field in Social Work.

Those Social workers who want to render forensic services will need to acquire additional, specific, specialized knowledge, skills and experience regarding this field that is not aquired during pre-graduate studies, and which comply with the requirements of the judicial system.

The findings of the study will be discussed with a submission of a definition and clarifying the scope of Forensic Social Work in South-Africa.

# VOORWOORD

Die artikelformaat is gekies ooreenkomstig Regulasie A.11.2.5 vir die graad MA (MAATSKAPLIKE WERK) (Forensies). Die artikel voldoen aan die vereistes van *Carsa,* die vaktydskrif vir professionele persone wat met kinders werk.

Hierdie artikel tel 75% van die navorsingsmodule. Die globale punt vir die hele MA-kursus word volgens die volgende gewigte bereken:

Maatskaplikewerk-navorsing: Teorie en Praktyk: 50%
Gewig van gemiddelde van die res van die modules: 50%

# FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK AS SPESIALITEIT IN MAATSKAPLIKE WERK: DEFINIËRING EN TERREIN

**Erika Scheepers, 'n Meestersgraadstudent in Forensiese Praktyk aan die Noordwes Universiteit (Potchefstroom-kampus) en werksaam by die Suid-Afrikaanse Polisie as die Provinsiale koördineerder van die afdeling Forensiese Maatskaplike werk, in die Suid- Afrikaanse Polisiediens, Gauteng.**

**Dr. Cornelia Wessels, Senior Lektor by die Vakgroep Maatskaplike Werk, Noordwes Universiteit (Potchefstroom-kampus).**

## 1. INLEIDING

Die professie Maatskaplike Werk word al jare reeds deur die Regsisteem benut om die hof by te staan met die evaluering van 'n persoon se persoonlike omstandighede en die verloop van die regspleging. In die praktyk word daar dikwels vanselfsprekend aanvaar dat 'n persoon wat as maatskaplike werker gekwalifiseer is, oor die nodige kennis en vaardighede beskik om die hof by te staan. Hierdie wanopvatting heers ook onder maatskaplike werkers en sodoende word daar dikwels skade aan die beeld van die professie gedoen wanneer maatskaplike werkers wat nie oor die nodige spesialis kennis en vaardighede beskik, in die hof optree as deskundige getuies.

Hierdie artikel fokus op die uitklaring van die definisie van Forensiese Maatskaplike werk en wat die terrein van Forensiese Maatskaplike werk behels. Die ondersoek is deel van 'n groter ondersoek wat gedoen is deur verskeie studente in samewerking met die Vakgroep Maatskaplike Werk aan die Noordwes Universiteit se Potchefstroom Kampus. Indien 'n toepaslike definisie vir Forensiese Maatskaplike Werk vir die Suid-Afrikaanse opset bepaal word, sal dit die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe in staat stel om die rigting as spesialisteveld te bestuur. Dit sal ook beteken dat die maatskaplike werker wat forensiese maatskaplike werk verrig, oor

bepaalde kundigheid, ervaring en spesialis kennis sal moet beskik, wat nie op voorgraadse vlak bekom kan word nie. Die bevindinge van die ondersoek sal bespreek word en 'n definisie asook moontlike terreine wat aan forensiese maatskaplike werk gekoppel kan word, sal geïdentifiseer word.

## 2. PROBLEEMSTELLING

Die betrokkenheid van maatskaplike werkers in die regsproses is nie 'n nuwe konsep nie. Reeds met die ontstaan van die maatskaplike werk professie is daar van maatskaplike werkers verwag om die regsproses in te lig en in staat te stel om met die inagneming van die mens as psigososiale wese 'n gepaste konklusie te bereik, in oorleg met die toepaslike wette. Volgens Barker en Branson (2000:1) het die verhouding tussen die maatskaplike werk professie en die regstelsel die afgelope jare meer en meer intiem begin raak omdat die gemeenskap al hoe meer probleme en konflik wat ontstaan, binne die regsisteem opgelos wil hê. Laasgenoemde het daartoe gelei dat maatskaplike werkers meer in die howe moet getuig terwyl hulle nie altyd ten volle toegerus is daarvoor nie.

Forensiese werk binne die maatskaplike werk professie het in die VSA reeds 'n lang geskiedenis (Green, Thorpe & Traupmann, 2005:142; Bronwell & Roberts, 2002:45). Die grootste werkgewers van maatskaplike werkers in Amerika was van die begin jare volgens Barker en Branson (2000:7) die staatswelsyn sektor en kinderwelsyn organisasies wat ondersoeke moes doen en verslae moes voorsien aan die howe. Maatskaplike werkers het hulle ewe skielik meer in die howe bevind om as deskundige getuies op te tree as wat hulle met hulle kliënte buite die hof gewerk het. Universiteite in Amerika het toe reeds besef dat dit 'n algemene tendens gaan word en kursusse in die verband begin aanbied (Myers et al., 2002).

Volgens Howes (1990:67) bestaan daar ook in Suid-Afrika 'n lang verbintenis tussen maatskaplike werkers en die howe. Die eerste maatskaplike werkers wat aangestel is om statutêre werk te doen en uit staatsfondse besoldig is, was proefbeamptes. Die wette, Wet op Gevangenisse en Verbetergestichten, Wet 13 van 1911, die Strafproseswet, Wet 40 van 1914

en later die Kinderwet, Wet 31 van 1937 het almal voorsiening gemaak vir die aanstelling van proefbeamptes. Alhoewel hierdie aanstellings nie dadelik gerealiseer het nie het dit tog die moontlikheid tot gevolg gehad dat maatskaplike werkers as proefbeamptes in die howe aangewend kon word. Met die hersiening van dié wette het die artikels wat vir die aanstelling van proefbeamptes voorsiening gemaak het, telkens behoue gebly.

Huidig word maatskaplike werkers merendeels deur die hof benut as proefbeamptes en as deskundige getuies. Daar is ook volgens Stutterheim en Weyers (1999:13) toenemend meer maatskaplike werkers in privaat praktyke wat betrokke raak as deskundige getuies in kriminele howe. Dit is egter kommerwekkend dat die praktyk aandui dat van die kliniese maatskaplike werkers in die veld wat deur die hof genader word om deskundige getuienis te lewer, nie oor genoegsame kennis van die wet en die regsproses beskik nie. Hierdie Maatskaplike Werkers beskik ook nie oor gespesialiseerde opleiding, kennis, vaardighede of ervaring nie. Laasgenoemde is van die mees basiese vereistes wat die hof stel aan 'n professionele persoon om as 'n deskundige getuie deur die hof aanvaar te word.

Volgens Schmidt (1993:333) is daar drie vereistes wat die hof in ag neem wanneer hy iemand as 'n deskundige evalueer:

a) Bevoegdheid van die getuie in terme van kennis,

b) toepaslike kwalifikasies en

c) die hof moet oortuig wees dat die getuie oor die vermoë beskik om as deskundige oor die betrokke onderwerp die hof toe te spreek. Dit gaan dus nie noodwendig oor die hoogste kwalifikasie waaroor die maatskaplike werker beskik nie maar eerder oor die relevantheid van sy kennis en vaardigheid in terme van sy getuienis. Vir die hof is dit dus belangrik dat die deskundiges se getuienis aan die feite van die saak gekoppel word, andersins is dit van geen waarde nie. Die maatskaplike werker as deskundige moet ook oor die teoretiese kennis en agtergrond beskik sodat dit vir die hof met die oortreding in verband

gebring kan word. Die deskundige kan sy opinie gee, maar uiteindelik moet die hof self besluit of dit 'n juiste opinie is. Vir die forensiese maatskaplike werker is dit nodig om die hof te oortuig dat hy/sy 'n geloofwaardige getuie is, werklik 'n deskundige op sy/haar terrein is, en dat sy/haar getuienis met ander deskundiges vergelykbaar is.

Bogenoemde tendens en die feit dat daar in Suid-Afrika tot 2006 geen opleiding op na-graadse vlak bestaan het wat spesifiek op forensiese maatskaplike werk fokus nie, het tot gevolg gehad dat Maatskaplike Werk as professie skade berokken is. Maatskaplike werkers wat noodgedwonge forensiese take verrig het, het dit gedoen en doen dit steeds sonder genoegsame kennis en vaardighede. Dit is ook moontlik een van die gevolge waarom die hof Maatskaplike werkers se rol, kennis en professionaliteit as minderwaardig beskou, gemeet aan ander professies soos die Sielkundige professie.

Dit is dus van kardinale belang dat die spesialiteitsveld, Forensiese Maatskaplike Werk deur die maatskaplikewerkerskorps erken en ontwikkel moet word. Die beeld van die professie maatskaplike werk sal bevorder word indien Forensiese Maatskaplike werk as 'n spesialisteveld geregistreer word en deur die SA Raad vir Maatskaplike Diensberoepe gereguleer word. Volgens Roberts en Brownell (1999:36) het ander professies soos Verpleegkundiges en Sielkundiges reeds begin om aandag te skenk aan spesialisering in die forensiese veld. Baie maatskaplike werkers werk reeds jare in die forensiese veld omdat baie van die insette wat die hof van die maatskaplike werker versoek op die terrein van forensiese maatskaplike werk lê. Forensiese maatskaplike werk is 'n komplekse veld en Roberts en Brownell (1999:362) beskryf dit as: "A complex, requiring an understanding of the criminal justice and other systems: intrapsychic, interpersonal, familial, and community".

Maatskaplike werkers wat hulleself op die forensiese terrein bevind, probeer volgens Roberts en Brownell (1999:363), "...to adjust to the constraints of courts and correctional settings, while advocating for offenders to reach their full potential and for crime victims to receive critically needed services and

support." Die diversiteit van die Forensiese Maatskaplike werk het tot gevolg dat die definiëring van die konsep en die afbakening van die veld, problematies is.

Uit bogenoemde ontstaan die volgende navorsingsvraag: Wat is die definisie en terrein van 'n Forensiese Maatskaplike werker binne die Suid-Afrikaanse milieu?

## 3. DOELSTELLING

Die oorhoofse doelstelling van hierdie ondersoek was, om deur middel van "n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek die definisie en terrein van Forensiese Maatskaplike Werk binne die Suid-Afrikaanse konteks af te baken.

## 4. SENTRALE TEORETIESE STELLING

Die afbakening van die terrein van forensiese maatskaplike werk en die daarstelling van 'n definisie binne die Suid-Afrikaanse konteks sal die proses van die daarstelling van 'n spesialiteitsveld bevorder. Dit sal ook die rol van die maatskaplike werker in die regsproses beklemtoon. Indien die resultaat die belangrikheid van die rol van die forensiese maatskaplike werker beklemtoon, sal dit die beeld van maatskaplike werk bevorder. Dit sal ook lei tot verbeterde dienslewering aan alle betrokke partye en veral aan die regsstelsel.

## 5. METODE VAN ONDERSOEK

### 5.1 Literatuurstudie

Die literatuurstudie dien as 'n raamwerk vir die voorgenome navorsing. Areas van kennis waaroor daar tydens die navorsing uitgebrei gaan word, is ook ondersoek (Neuman, 1994:446). Volgens Strydom (1999:123-125) is die bestudering van relevante literatuur noodsaaklik vir die duidelike formulering van die probleem. Literatuur oor forensiese maatskaplike werk is beperk aangesien die veld in Suid-Afrika nog relatief onbekend is. Die dienste van die Maatskaplike werker word reeds jare al deur die hof benut. Die maatskaplike professie het homself egter nog nie toegespits op die taak om

forensiese maatskaplike werk as spesialiteitsveld af te baken, en te ontwikkel nie.

Die Biblioteek van die Suid-Afrikaanse Polisiediens en die Ferdinand Postma Biblioteek van die Noordwes Universiteit is as hulpbronne benut om literatuur en inligting te bekom. Verskeie artikels wat in die vaktydskrif Maatskaplike Werk/ Social Work gepubliseer is en 'n dokument wat opgestel is en voorgelê is aan die SACSSP deur Dr. M.L. Weyers (2001), is bestudeer. Navorsingspublikasies, boeke en tydskrifte is tydens die ondersoek geraadpleeg. Databasisse wat geraadpleeg is: Social Work Abstracts, Social Science Abstracts, EBSCHO HOST WEB, NEXUS, Repertoruim van Suid-Afrikaanse tydskrif artikels en SABINET.

Dit is belangrik om 'n literatuurstudie te onderneem, aangesien dit insig in die dimensies en kompleksiteite van die onderwerp sal verbeter (Rubin & Babbie, 2001:120). Die literatuurstudie het ook die navorsingsprogram in konteks geplaas.

### 5.2 Empiriese ondersoek

Deur die gestelde doelwit te bereik, is daar gebruik gemaak van die volgende plan en struktuur:

#### 5.2.1 Die Navorsingsontwerp

Die navorsingsontwerp is die proses waarvolgens data ingewin word om die hipotese ter sprake te ondersoek of die navorsingsdoel te verwesenlik (New Dictionary for Social Work, 1995:37). Vir die doel van hierdie ondersoek is daar gebruik gemaak van 'n kombinasie van die kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsmetodes. Met die kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsontwerp is daar op die totale maatskaplikewerk-korps gefokus, deur hulle van vraelyste te voorsien, ten einde hul opinie oor forensiese maatskaplike werk as spesialisveld te bepaal. Daarna is motiverings kwalitatief en kwantitatief deur die navorser bestudeer en ontleed. Daar is gebruik gemaak van 'n selfopgestelde vraelys.

Die verkennende navorsingsontwerp is benut om meer inligting oor die veld te bekom aangesien daar beperkte inligting beskikbaar is en nog geen navorsing oor die spesialiteitsrigting in die Suid-Afrikaanse opset onderneem is nie (Bless & Higson-Smith, 1995:42). Volgens Rubin en Babbie (2001:123) het die verkennende navorsingsontwerp die volgende oogmerke:

- Die navorser is besig om 'n nuwe belang, in hierdie geval forensiese maatskaplike werk, te ondersoek.
- Die onderwerp van die studie is relatief nuut en daar is min navorsing daaroor gedoen.
- Daar word deur die navorser gepoog om 'n volledige studie te onderneem.
- Om die onderwerp te verken en om reeds bestaande inligting en feite te versamel.

### 5.2.2 Navorsingsdeelnemers

Een van die vereistes wat die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe daarstel om 'n veld in Maatskaplike Werk as 'n spesialiteitsveld te registreer, is dat al die geregistreerde lede van die Raad gelyke geleentheid gebied moet word om deel te vorm van die ondersoek. 'n Volledige lys van al die maatskaplike werkers wat tot en met Julie 2007 by die SA Raad vir Maatskaplike Diensberoepe geregistreer was, is bekom en gebruik om die deelnemers te identifiseer. 'n Totaal van 11 919 geregistreerde maatskaplike werkers het elkeen 'n ewekansige geleentheid gehad om deel van die ondersoek te wees. Daar is van 'n sistematiese steekproef gebruik gemaak deur elke vierde naam op die lys te neem. Volgens Strydom (1999:63) word daar in 'n sistematiese steekproef slegs tydens die eerste geval wat gekies word ewekansig gekies. Die opvolgende gevalle word volgens 'n bepaalde interval geselekteer, byvoorbeeld elke vyfde of tiende respondent. In hierdie ondersoek is elke vierde naam gekies wat daartoe gelei het dat vraelyste aan 3 200 maatskaplike werkers gepos is.

Dit was belangrik dat daar van ewekansige steekproeftegnieke gebruik gemaak word, aangesien elke geregistreerde maatskaplike werker dieselfde waarskynlikheid moes hê om in die steekproef opgeneem te word. Die totale

bevolking kan kleiner eenhede insluit en in hierdie geval was dit alle maatskaplike werkers wat tans by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe geregistreer is (Rubin, 1983:213). Die keuse van proefpersone het ewekansig geskied en was verteenwoordigend van die totale bevolking, wat in hierdie geval alle geregistreerde maatskaplike werkers ingesluit het.

Grinnell en Williams (1990:216-217) beskryf die posvraelys, as 'n vraelys wat in die pos versend word met die hoop dat die respondent dit sal voltooi en terugstuur. In die ondersoek het elke respondent 'n vraelys en 'n gefrankeerde koevert ontvang. Die vraelys was net in Engels beskikbaar aangesien daar van die veronderstelling uitgegaan is dat dit die taal is wat deur die meeste maatskaplike werkers verstaan word. 'n Probleem met posvraelyste is dat die responssyfer gewoonlik laag is en dit was ook tydens hierdie studie die geval. Slegs 164 vraelyste is terugontvang.

### 5.2.3 Meetinstrumente

Tydens die ondersoek is gebruik gemaak van 'n self opgestelde vraelyswat saam met 'n gefrankeerde koevert aan elke respondent gepos is. Met behulp van die vraelys is inligting bekom oor hoe maatskaplike werkers die Forensiese veld binne maatskaplike werk definieer en wat hulle beskou as die take van 'n Forensiese Maatskaplike Werker. Een vraelys is gebruik deur verskeie studente en daarom is daar in die betrokke ondersoek nie van al die vrae gebruik gemaak nie. Die vraelys is in samewerking met die Statistiese konsultasie dienste van die Noordwes Universiteit saamgestel.

### 5.2.4 Etiese Aspekte

Tydens die navorsingsprojek was dit belangrik dat alle etiese beginsels te alle tye gehandhaaf word. Daar is op die volgende etiese kwessies, soos deur Strydom, De Vos et al (2005:58-67) beskryf, gefokus:

- Die deelnemers is ingelig oor die doel van die navorsing en het toestemming tot deelname asook die publikasie van die bevindinge gegee. Geen deelnemer was sonder hul nodige toestemming in die navorsingsprojek gebruik nie. Deelnemers wat aan die navorsing

deelgeneem het, is deeglik oor die doel van die navorsing ingelig.

- Die navorser het nie die deelnemers se privaatheid ingedring nie. Die deelnemers se name is vertroulik gehou en niemand is ingelig oor die deelnemers se deelname aan die navorsing nie.
- Die navorser is bekwaam om die navorsing uit te voer en beskik oor die nodige vaardighede.
- Die navorser se voorlegging is aan die Etiese Komitee van die Noordwes-Universiteit, vir etiese goedkeuring voorgelê en is deur die Komitee aanvaar. ( etiese goekeuringsnommer 06K07)

### 5.2.5 Dataverwerking

Die selfopgestelde vraelys is per hand deur die ondersoeker verwerk. Die Statistiese Konsultasie Dienste van die Noordwes-Universiteit het gehelp met die opstel van die vraelys.

### 5.2.6 Navorsingsprosedures

Die volgende prosedures is gebruik vir die afhandeling van die navorsingsprojek:

- 'n Lys van al die Maatskaplike Werkers wat by die Suid Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe geregistreer is, is verkry.
- Die vraelys en dekbrief is in Engels opgestel.
- Die vraelys is deur die Statistiese Konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit nagegaan en regstellings is gedoen.
- Vraelyste is aan elke deelnemer gepos. 'n Gefrankeerde koevert is ingesluit.

## 6. BESPREKING VAN DIE NAVORSINGSRESULTATE

### 6.1 PROFIEL VAN RESPONDENTE


'n Profiel van die respondente word kortliks gegee met die doel om 'n geheel beeld te verkry van die deelnemers wat deelgeneem het aan die ondersoek. Sodoende kan ook bepaal word of die deelnemers oor genoegsame kennis beskik om te weet wat van 'n deskundige in die forensiese veld verwag word

en wat die forensiese veld in Maatskaplike Werk behels.

### 6.1.1 Ouderdom van die Respondente

Die rede waarom die ouderdom van die respondente ingesluit is by die navorsingsresultate is om te bepaal of die huidige werkerskorps oor genoegsame opleiding beskik en hoe lank dié deskundiges se kennis nog in die veld aanwesig sal wees.

**DIAGRAM 1: OUDERDOM VAN DIE RESPONDENTE**





Die meerderheid van die respondente naamlik 65 (39.64%), het in die ouderdomsgroep van 31 jaar tot 40 jaar voorgekom. Die tweede meeste respondente naamlik 34 (20.73%) val in die ouderdomsgroep 41 jaar tot 50 jaar. In die derde plek was die ouderdomsgroep tussen 51 jaar en 60 jaar met 30 (18,29%) response. Daar was 25 (15.24%) response van werkers wat tussen 21 jaar en 30 jaar oud is. Die groep waaruit die minste response verkry is, naamlik 10 (6.09%), is ouer as 60 jaar. Hieruit is dit dus duidelik dat die meeste respondente, naamlik 99 (60.36%) in die ouderdomsgroep van 31 jaar tot 50 jaar val. Hierdie ouderdomsgroep maak ook die grootste deel van die

werkerskorps van die bevolking uit. Die meerderheid respondente in die ondersoek is opgelei in 'n tydperk waar die meeste Universiteite se kurrikula oor weinig inligting van die forensiese veld in maatskaplike werk beskik het. Uit Ludwig se ondersoek (2007:17) blyk dit dat die meerderheid (82%) Universiteite in Suid-Afrika van mening is dat daar nie genoegsame opleiding in forensiese maatskaplike werk geskied nie. 'n Wye verskeidenheid redes word hiervoor aangebied. Die Noordwes Universiteit (Potchefstroom Kampus) was die eerste opleidingsinstansie wat in 2006 'n Meestersgraad in Forensiese maatkaplike werk ontwikkel en aangebied het. Voor 2006 was maatskaplike werkers aangewese op kollegas wat oorsee opgelei is, en dan opleidingsgeleenthede hier in Suid-Afrika beskikbaar gestel het. Deur die respondente se ouderdomme te bekom is daar ook bepaal of die respondente wat wel opgelei is in forensiese werk nog lank gaan deel vorm van die werkerskorps en of hulle ervare maatskaplike werkers is. Die ouderdomme is aanduidend dat die grootste deel van die werkerskorps naamlik 99 (60.36%) ervare werkers is maar ook na-aan aftree ouderdom is, wat beteken dat hul deskundigheid verloor sal word binne die volgende tien jaar.

### 6.1.2 Jare ondervinding in die beroep Maatskaplike werk

'n Vraag rakende hul jare ervaring in maatskaplike werk is ook aan die respondente gevra. Die respondente se jare ervaring sal ook 'n aanduiding wees of hulle 'n bydrae kan maak ten opsigte van terrein afbakening.

**DIAGRAM 2: JARE BEROEPSONDERVINDING**




Die meerderheid van die respondente naamlik 40 (24.39%) het tussen 11 en 15 jaar ondervinding as maatskaplike werkers. Vyftien respondente (15.24%) het tussen 16 tot 20 jaar ondervinding in die beroep. Vier en twintig (14.63%) van die respondente het meer as 25 jaar ondervinding in die veld, terwyl 23 (14.02%) respondente tussen ses en tien jaar ondervinding het. Sewentien (10.36%) van die respondente het aangetoon dat hulle tussen 21 en 25 jaar ondervinding het. Die werkers wat minder as 5 jaar 3 (1.82%) ondervinding het, was in die minderheid. Daar was 32 (9.51%) respondente wat nie hul jare ervaring aangetoon het nie. Agt en sewentig persent (78%) van die respondente beskik oor meer as 10 jaar ondervinding in die beroep en beskik dus oor genoegsame kennis en ondervinding om 'n positiewe bydrae te lewer oor die definiëring en afbakening van die terrein van Forensiese Maatskaplike werk.

### 6.1.3 Moedertaal van die Respondente

**TABEL 1: MOEDERTAAL VAN DIE RESPONDENTE**

| Taal | f | % |
|---|---|---|
| Afrikaans | 104 | 59.77 |
| Engels | 39 | 22.41 |
| Xhosa | 11 | 6.32 |
| Zulu | 7 | 4.26 |
| Sepedi | 4 | 2.29 |


| | | |
|---|---|---|
| Swati | 3 | 1.72 |
| Tsonga | 3 | 1.72 |
| Sesotho | 2 | 1.14 |
| Tswana | 1 | 0.57 |
| **Totaal** | **174** | **100** |

Van die respondente het meer as een moedertaal aangedui as hul moedertaal. 'n Rede waarom van die respondente meer as een moedertaal aangedui het, is omdat albei tale in die respondent se huis gepraat word en hy opgevoed en onderrig is in albei tale. Meer as die helfte van die respondente naamlik 104 (59.77%) het Afrikaans as hul taalvoorkeur geïdentifiseer en 39 (22.41) het Engels as hul taalvoorkeur benoem. Van die ander tale is Zulu deur 7 (4.02%) as hul taalvoorkeur benoem, terwyl Sepedi deur 4 (2.29%) gekies is. Swati en Tswana is albei deur 3 (1.72%) respondente as voorkeurtaal aangedui. Twee (1.14%) respondente se taalvoorkeur was Sesotho en 1 (0.57%) se taalvoorkeur was Tswana.

Die feit dat Afrikaans deur die meeste respondente as moedertaal geïdentifiseer is, is vreemd aangesien dit nie ooreenstem met die bevolkingsgetalle in Suid-Afrika nie. Daar is ook aanvanklik van die veronderstelling uitgegaan dat Engelse die meeste respondente sal oplewer en daarom is die vraelys net in Engels aan die respondente voorsien. Geen voor die-hand-liggende verklaring daarvoor kan gemaak word nie.

### 6.1.4 Geografiese ligging van die respondente

**DIAGRAM 3:GEOGRAFIESE LIGGING**




Uit Diagram 3 blyk dit dat 104 (63.41%) van die respondente van stedelike gebiede afkomstig is, terwyl 32 (19.51%) van die respondente uit semi-stedelike gebiede kom. Die feit dat die meeste respondente uit stedelike gebiede afkomstig is mag wees omdat daar meer werksgeleenthede vir maatskaplike werkers in die stede is. Dit mag ook wees dat dié respondente meer blootstelling het aan die howe. Nog 'n rede mag wees dat die bevolkingsdigtheid veroorsaak dat meer maatskaplike werkers benodig word in die stedelike gebiede. Welsynsinstansies op die platteland kry ook swaar as gevolg van die Staat se subsidies en die gevolg hiervan is dat minder maatskaplike werkers op die platteland aangestel kan word. Die nadeel hiervan is dat maatskaplike werkers in die stedelike gebiede se werkslading baie hoër is as die in die platteland. Laasgenoemde het weer tot gevolg dat daar groter wisseling van personeel voorkom in die stede as gevolg van die spanningsvolle werksomstandighede waaraan hulle blootgestel word. Ongeveer 'n kwart van die respondente 25 (15.24%) is afkomstig uit landelike gebiede. Drie (1.82%) het nie aangedui wat hul geografiese ligging is nie.

Uit die bogenoemde is dit dus duidelik dat die werkers in die stedelike gebiede nie alleen meer blootstelling ontvang ten opsigte van deskundige getuienislewering omdat hulle geografies nader aan die howe is nie maar ook

meer blootgestel word aan hoë-profiel sake. Hulle word ook blootgestel aan 'n hoër werkslading as hul kollegas in die platteland.

### 6.1.5 Hoogste kwalifikasie waaroor die respondente beskik

Die meeste respondente naamlik 63 (38.41%) beskik oor 'n vier jaar graad in Maatskaplike werk wat gelykstaande is aan 'n Honneursgraad. Die rede hoekom die meeste respondente oor hierdie kwalifikasie beskik, is dat die Suid- Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe dit as vereiste geïdentifiseer het vir registrasie by dié Raad. Voor hierdie vereiste inwerking getree het was 'n 3- jaar maatskaplike werk graad voldoende. Sewe (4.26%) respondente beskik steeds oor 'n driejaargraad. Hierdie werkers is later geleentheid gebied om 'n addisionele jaar by te studeer en het sodoende gekwalifiseer vir 'n Honneursgraad — wat deur die tweede meeste van die respondente naamlik 39 (23.78%) as hul hoogste kwalifikasie aangedui is. Agt en twintig (17.07%) van die respondente beskik oor 'n Meestersgraad in Maatskaplike Werk en 12 (7.31%) respondente beskik oor 'n Diploma in Maatskaplike Werk. Slegs 5 (3.04%) van die respondente beskik oor 'n Doktorsgraad in Maatskaplike Werk. Tien (6.09%) van die respondente het nie die vraag beantwoord nie.

Die Suid Afrikanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe het bepaalde kriteria waaraan 'n applikant moet voldoen alvorens hy kan registreer en praktiseer as 'n maatskaplike werker. Die respondente kan almal as professionele persone beskou word. Almal behoort aan die professionele raad en beskik dus oor 'n professionele kwalifikasie en word gebind deur 'n etiese kode. Laasgenoemde aspek bevorder professionaliteit en bevorder beter dienslewering. Geen persoon kan dus praktiseer as 'n maatskaplike werker sonder dat hy geregistreer is by die professionele raad nie.

### 6.1.6 Werkplek van die respondente

Daar is meer as 164 response by hierdie vraag ontvang en die rede hiervoor is dat sommige respondente meer as een werkplek het. So byvoorbeeld sal een respondent wat by die hospitaal werksaam is ook na-ure 'n privaatpraktyk bedryf. Die meerderheid van die respondente naamlik 63 (36.41%) is

werksaam by Nie-winsgewende organisasies soos byvoorbeeld Kindersorg. Die privaat praktiserende maatskaplike werkers is die tweede meeste, naamlik 33 (19.07%). Die feit dat al hoe meer maatskaplike werkers 'n bestaan kan maak as privaat maatskaplike werkers is 'n baie goeie aanduiding dat daar 'n behoefte en 'n vraag is na maatskaplike werkers in spesifieke velde van maatskaplike dienslewering. Dit dui ook daarop dat die gemeenskap die waarde van die dienste wat deur hierdie werkers gelewer word, begin besef en terselfdertyd bereid is om te betaal vir dié diens. Die negatiewe sy daarvan is egter dat dié maatskaplike werkers die diens van die Staatsafdelings en Welsynsorganisasies verlaat. Behoeftige lede van gemeenskappe is egter steeds afhanklik van dienste wat gelewer word deur laasgenoemde en ontvang tans nie altyd die dienste wat hulle toekom nie omdat daar nie genoeg maatskaplike werkers beskikbaar is om die dienste te lewer nie.

Drie en twintig (13.29%) van die respondente is werksaam by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling. Korrektiewe Dienste is die werkgewer van 11 (6.35%) respondente, ses (3.46%) respondente is werksaam as hospitaal maatskaplike werkers, en 5 (2,89%) by die Departement van Gesondheid. Die Nasionale Weermag en die Departement van Justusie was onderskeidelik die werkgewers van 3 (1.73%) en 1 (0.58%) respondente. Daar is een (0.58%) respondent wat haar werk verrig as Bedryfs-Maatskaplike werker. Daar was 27 (15.60%) respondente wat hul werkplek as 'ander' gemerk het.

## 6. DIE AARD VAN FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK

Daar is drie definisies aan die respondente voorgehou. Hierdie definisies is verkry uit navorsing wat gedoen is in veral Amerika en die Verenigde Koninkryk. Slegs die definisie van Stutterheim en Weyers (1999:11) is huidig binne die Suid-Afrikaanse konteks van krag.

### 6.1 Definisies van Forensiese Maatskaplike Werk:

Die volgende definisies van Forensiese Maatskaplike werk is op die vraelys as definisie 1 tot 3 aan die respondente voorgehou as opsies om van te kies:

**Definisie 1:**

"Forensic Social Work is a professional speciality that focuses on the interface between society's legal and human systems. It includes such activities as providing expert testimony in courts of law, investigating cases of possible criminal conduct and assisting the legal system in such issues as child custody disputes, divorce, non-support delinquency, spouse or child abuse, mental hospital commitment and relative's responsibility" (Barker & Branson, 2000:1).


**Definisie 2:**

Volgens Stutterheim en Weyers (1999:11) behoort die historiese agtergrond van statutêre maatskaplike werk en forensiese maatskaplike werk in berekening geneem word. Hulle reken dat statutêre maatskaplike werk nie deur forensiese maatskaplike werk vervang behoort te word net omdat forensiese maatskaplike werk 'n meer beperkte betekenis het nie. Hulle aanbeveling is dat die definisie in Suid-Afrika moet lui as: "...a specialized field of social work practise that is characterized by the social worker's primary function of providing expert testimony in courts of law."

**Definisie 3:**

Roberts en Bronwell (1999:360) defenieer Forensiese Maatskaplike werk weer as: "...the practice speciality in social work that focuses on the law and educates law professionals about social welfare issues and social workers about the legal aspects of their objectives". Die definisie sluit die volgende in: maatskaplike intervensie in gesinsgeweld sake, die maak van wetgewing, dienslewering aan jeugmisdadigers, volwasse oortreders en die slagoffers van misdaad.

**DIAGRAM 4: DEFINISIES VAN FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK**




Sommige van die respondente het meer as een definisie aangedui as die definisie wat hulle beskou as 'n definisie wat Forensiese Maatskaplike Werk vir hulle omskryf. Twee en negentig (50.1%) van die respondente het definisie 1 as hul keuse aangedui as die definisie wat Forensiese maatskaplike werk die beste definieer. Daar was 45 (24.7%) respondente wat definisie 2 van Stutterheim en Weyers (1999) as die mees omvattende definisie beskou. Definisie 3 is deur 41 (22.5%) van die respondente beskou as 'n aanvaarbare definisie vir Forensiese Maatskaplike werk. Baker & Branson (2000:11) is dit eens dat Forensiese Maatskaplike werk beskou kan word as alle take wat verband hou met die reg- en wetlike stelsels. Dit sluit dan alle hofwerk, byvoorbeeld kinderhof ondersoeke, voorvonnis verslae en beheer en toesigsake in.

Slegs 5 (2.7%) respondente het hul eie definisie van Forensiese Maatskaplike werk voorsien. Dié aspek is moontlik aanduidend van die feit dat daar selfs in die maatskaplike werkkorps 'n baie beperkte kennis oor die veld van Forensies bestaan. Laasgenoemde het tot gevolg dat sommige maatskaplike werkers in die veld, take verrig wat deel vorm van die forensiese terrein en dat hulle nie eers daarvan bewus is nie.

Vyf (2,7%) respondente het Forensiese Maatskaplike werk soos volg gedefinieer:

- *"A specialized field of social work that is characterized by the social worker's primary function of providing expert testimony in courts of*

*law. My opinion is that there is a degree of overlap between forensic and statuary social work but forensic social work extends into the role of the expert witness and more in-depth court work".*

- *"Forensiese maatskaplike werk het ten doel om feitlike inligting te verkry deur die proses van gestandardiseerde assesseringsraamwerke waar hipotese getoets en hertoets word om die primêre kliënt (hof) van inligting te voorsien oor die kliënt".*
- "Maatskaplike werk wat met die gereg en kriminele oortredings te make het"
- *"Social work that focuses on legal issues and litigation both in criminal and civil cases, including issues of child welfare, custody of children and divorce. It also aims to teach lawyers about welfare issues".*
- *"Die betrokkenheid van Maatskaplike werkers by menslike problematiek/konflikte waar beredenering van oplossings binne die konteks van die wet en die interpretasie van die problematiek in die vorm van spesialis getuienis aan die hof gelewer word".*

Uit bogenoemde blyk dit dat spesialisasie en die rol van deskundige getuienis-lewering, die twee aspekte is wat deur al vyf die respondente beskou word as die basis van Forensiese Maatskaplike werk. Die onderskeid tussen forensiese - en statutêre maatskaplike werk blyk nie duidelik te wees vir die respondente nie. 'n Duideliker definisie sal die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe in staat stel om die terrein beter af te baken. Weyers (2001:20) beskou die verskil tussen Forensiese Maatskaplike Werk en Statutêre Maatskaplike Werk, as dat Forensiese Maatskaplike Werk 'n spesialiteit binne die groter terrein van statutêre maatskaplike werk is. Dié aspek van spesialisasie kom na vore as gevolg van die funksie van deskundige getuienislewering en die kriteria waaraan voldoen moet word alvorens die hof die maatskaplike werker as 'n deskundige aanvaar.

Volgens Schmidt (2003:423) bestaan daar 'n rëel dat 'n getuie nie sy opinie aan die hof mag stel nie, maar slegs die feite wat hy waargeneem het. Daar bestaan egter twee uitsonderings op die rëel: (1) 'n Deskundige kan sy opinie

lewer omtrent 'n saak aan die hof, wat binne sy vakgebied val, en (2) 'n leek kan sy opinie lewer omtrent 'n feit wat moeilik anders as deur middel van 'n opinie beskryf kan word. Vir die Forensiese Maatskaplike Werker geld die eerste reel, naamlik dat h/sy 'n opinie kan lewer oor 'n saak wat binne sy vakgebied val. Volgens die Bewysreg (Schmidt, 2003: 430) gaan die deskundigheid van die deskundige juis daaroor dat sy ervaring en kennis hom meer bevoeg maak as die hof om op sy vakgebied 'n oordeel te vel. Daar is drie vereistes waaraan die Forensiese Maatskaplike Werker moet voldoen alvorens die hof hom/haar as deskundige sal beskou. (a) Die hof moet oortuig wees dat die getuie bevoeg is om as deskundige oor die betrokke onderwerp homself/haarself uit te spreek. Die grondslag word gewoonlik gelê deur die getuie se kwalifikasies en ervaring te beoordeel. (b) Die hof moet ingelig word omtrent die gegewens en soms ook die redenasieproses waarop die deskundige sy/haar opinie baseer. Hier moet die Forensiese Maatskaplike Werker sy/haar assesseringsproses kan verdedig in terme van navorsing en bestaande literatuur en die feite waarop hy/sy opinie berus, moet voldoen aan die kriteria soos vervat in die wet in terme van toelaatbaarheid. Hoorsê inligting is dus nie 'n grondige basis vir 'n deskundige opinie nie. (c) Die hof moet oortuig wees dat die getuie oor die vermoë beskik om as deskundige oor die betrokke onderwerp die hof toe te spreek. Dit gaan dus nie noodwendig oor die hoogste kwalifikasie waaroor die maatskaplike werker beskik nie maar eerder oor die relevantheid van sy kennis en vaardigheid in terme van sy getuienis. Vir die hof is dit dus belangrik dat die deskundige se getuienis aan die feite van die saak gekoppel word, andersins is dit van geen waarde nie. Die maatskaplike werker as deskundige moet ook oor die teoretiese kennis en agtergrond beskik. Dit stel dan die hof in staat om die inhoud van die deskundige se getuienis en opinie, in verband te bring met die bestaande feite van die saak. Die deskundige kan sy opinie aan die hof bied, maar dit is uitsluitlik die taak van die hof om 'n beslissing te maak ten opsigte van die juistheid van die deskundige se opinie. Vir die Forensiese Maatskaplike Werker is dit nodig om die hof te oortuig dat hy/sy 'n geloofwaardige getuie is, werklik 'n deskundige op sy/haar terrein is, en dat sy/haar getuienis met ander deskundiges vergelykbaar is. Dit is verder duidelik dat die Forensiese Maatskaplike Werker die hof sal moet oortuig dat

hy/sy oor spesifieke kennis van die onderwerp ter sprake beskik en dat hy/sy van wetenskaplike metodes gebruik gemaak het in sy assesseringsproses. Verder sal hy/sy ook aan die hof bewys moet lewer dat hy/sy van kolaterale bronne gebruik gemaak het, om die inligting wat die basis vorm van sy/haar opinie te verifieër.

Lombard (2000:316) is 'n voorstaander van die registrasie van spesialiteits terreine in maatskaplike werk by die Professionele Raad. Hy waarsku egter: "If the profession does not allow for this (specialization), Social work will run the risk of dying, not in terms of its professional status, but because of low or limited intakes of students who wishes to become social workers". 'n Woordvoerder van die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe (2006:9), omskryf spesialisasie as, "A particular field of practise in Social work in which specific additional knowledge and skills are required and which could be regarded as the domain of the Social Work profession".

Wêreldwyd huldig lande verskillende sienings oor Forensiese Maatskaplike Werk. Die konseptualisering van Forensiese Maatskaplike werk as spesialiteit in die VSA, het bykans 'n dekade geneem. Forensiese Maatskaplike Werk is gedurende die vroeë tagtigerjare as spesialiteitsrigting in die VSA erken. In Australië is die registrering as 'n Forensiese Maatskaplike werker nog nie gevestig nie. Green, Thorpe & Traupman (2005:142) spreek ook hul frustrasie in dié verband soos volg uit: "Like many fields of Social Work, forensic is a complex area and the tutors have felt numerous constraints resulting from the lack of a specialist title in their various workplaces". In die Suid-Afrikaanse opset sal die duidelike definiëring en registrasie van Forensiese Maatskaplike werk as spesialiteit, ook die regstelsel bystaan in hul proses om te bepaal of die maatskaplike werker wat in die hof as deskundige getuig, aan die kriteria voldoen om die hof by te staan, deur middel van ekspert getuienislewering. Dit sal ook tot gevolg hê dat werkers wat nie aan die kriterias voldoen nie, en ten spyte daarvan nogtans in die hof optree, en dan die Maatskaplike professie skade berokken deur hul ontoereikende, onprofessionele optrede in die hof, nie toegelaat sal word om deel te wees van enige regsproses nie. Kaliski (2006:2) som die

dilemma korrek op as hy sy teleurstelling uitspreek oor die feit dat professionele persone in Suid-Afrika wat forensiese assesserings doen en dan optree in die hof as deskundige, dit doen sonder voldoende kwalifikasies of spesialiteits opleiding en kennis in die spesifieke rigting.

Daar was voor 2006 geen tersiêre inrigting wat opleiding in die verband aangebied het nie. In Suid-Afrika vind daar in-diens-opleiding in organisasies soos die SAPD plaas, — enersyds omdat Forensiese Maatskaplike werk nog nie gedefinieër is nie, en andersyds omdat die vereistes ten opsigte van opleiding nog nie bepaal is nie. Hierdie optrede het tot gevolg dat die nuwe werker se kennis afhang van die inligting wat hy/sy ontvang by sy/haar kollega. Van hom/haar word dan verwag om op te tree as deskundige getuie in die hof, waar sy/haar verslag, ondersoekproses, en deskundige getuienislewering, deur ander professies en die regsprofessie beoordeel word. Hierdie toedrag van sake het tot gevolg dat werkers wat aangestel word as forensiese werkers die veld verlaat. Dit het ook tot gevolg dat daar afbreek gedoen word aan die beeld van Maatskaplike Werk as professie en het ook 'n negatiewe emosionele impak en professionele ontwikkeling van die maatskaplike werker self. Green, et al (2005:150) huldig die mening: "not all skills are transferable and specialized training is better than "in-house" or worse "on the job training"; group members noted that the latter left workers vulnerable, especially in the forensic setting".

Die "National Organization of Forensic Social Work (NOFSW)" definieer Forensiese Maatskaplike werk soos volg: "Forensic social work is the application of social work to questions and issues relating to law and legal systems. This specialty of our profession goes far beyond clinics and psychiatric hospitals for criminal defendants being evaluated and treated on issues of competency and responsibility. A broader definition includes social work practice which in any way is related to legal issues and litigation, both criminal and civil. Child custody issues, involving separation, divorce, neglect, termination of parental rights, the implications of child and spouse abuse, juvenile and adult justice services, corrections, and mandated treatment all fall under this definition." Hieruit is dit dus duidelik dat kennis van die Reg, die

Regstelsel en spesialistekennis van die terrein in maatskaplike werk waaroor daar 'n opinie gegee moet word noodsaaklik is vir die forensiese maatskaplike werker (Anon, 2006:1).

Die term *forensiese maatskaplike werk* kan volgens Barker (1995:140) gedefinieer word as 'n gespesialiseerde veld in die praktyk van maatskaplike werk wat gekenmerk word deur die maatskaplike werker se primêre funksie, naamlik die voorsiening van deskundige getuienis in 'n wetlike hof. Barker (1995:362) is van mening dat 'n maatskaplikewerk-spesialis iemand is wie se oriëntasie en kennis op 'n spesifieke probleem of doelstelling gefokus is en wie se tegniese deskundigheid en vaardighede in verband met bepaalde aktiwiteite hoogs ontwikkel en verfyn is. In "The Social Work Dictionary" definieer Barker (2003:166) forensiese maatskaplike werk soos volg: "The practice specialty in social work that focuses on the law, legal issues, and litigation, both criminal and civil, including issues in child welfare, custody of children, divorce, juvenile delinquency, nonsupport, relatives' responsibility, welfare rights, mandated treatment, and legal competency. Forensic social work helps social workers in expert witness preparation. It also seeks to educate law professionals about social welfare issues and social workers about the law."

Ander professies soos die sielkundige professie het reeds ook forensiese werk as spesialiteit in hul betrokke professies geïdentifiseer en definieer Forensiese Sielkunde as volg: "Forensic pshychology can be defined as the application of psychological knowledge to the legal field (Roos & Voster: 2003:1)". Roos en Voster (2003:2) noem ook die volgende in terme van verdere uitklaring van die definisie: "The role of the psychologist in a forensic context is that of a professional expert who strives to maintain an objective and impartial stance: The psychologist must perform the assessment in a balanced manner, analyse the information utilizing his or her specialized psychological knowledge and experience, formulate hypotheses, test these hypotheses against available facts and compile a comprehensive and systematic report".

Uit die empiriese inligting asook die literatuur wat bestudeer is, het die

ondersoeker tot die gevolgtrekking gekom dat die definisie van Barker & Branson (2000:1) "Forensic Social Work is a professional speciality that focuses *on the interface between society's legal and human systems.* It includes such activities as providing expert testimony in courts of law, investigating cases of possible criminal conduct and assisting the legal system in such issues as child custody disputes, divorce, non-support delinquency, spouse or child abuse, mental hospital commitment and relative's responsibility", die mees omvattende definisie is van Forensiese Maatskaplike Werk en ook binne die Suid-Afrikaanse konteks gebruik kan word. Die fokus van Forensiese Maatskaplik Werk is dus dat dit spesifiek gerig is op die sistematiese assessering van individue en betrokke sisteme wat gekoppel is aan 'n bepaalde maatskaplike verskynsel soos byvoorbeeld seksuele misbruik, beheer en toesig, huweliksgeweld en ook dan deskundige getuienis lewering in kriminele howe.

Om Forensiese Maatskaplike Werk dus as 'n spesialis veld binne Maatskaplike Werk uit te sonder is dit nodig om die volgende te verduidelik: Die assesseringsproses in Forensiese Maatskaplike Werk het maatskaplike beginsels, opleiding en navorsing as onderbou. Die assesseringsbevindinge word dan in 'n proses van triangulasie met wetenskaplike literatuur en kollaterale inligting, geëvalueer. Die bevindinge verkry in die assesseringsproses word as antwoord op 'n spesifieke vraag van die regsisteem, in verslag formaat, aan die hof voorsien, sodat dié inligting deel kan vorm van die van die regsproses. Die assesseringsproses en verslagskrywing word op versoek van die hof opgevolg deur die lewering van deskundige getuienis deur die Maatskaplike Werker. Die Forensiese Maatskaplike Werker moet oor bepaalde ervaring en/of kennis van die bepaalde maatskaplike verskynsel wat ondersoek word beskik, om in staat te wees om 'n wetenskaplik gefundeerde assessering te doen en om as deskundige in die hof op te tree. Die verslag en deskundige getuienis kan oor enige faset van die betrokke saak handel. Die fokus van die assesseringsproses sal egter bepaal word deur die mandaat wat die hof aan die Maatskaplike werker voorsien. Hierdie mandaat spreek dan 'n spesifieke vraag of behoefte van die hof aan en word dan deur die hof benut in die

proses van evaluering van die feite van die saak sodat die hof die korrekte bevinding kan maak, en 'n uitspraak kan lewer.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die Forensiese Maatskaplike Werker oor bepaalde spesialis kennis en vaardighede moet beskik alvorens die hof hom/haar as 'n deskundige sal beskou. Verder sal bewys aan die hof gelewer moet word dat daar van wetenskaplike assesseringsmetodes gebruik gemaak is om feite te versamel en 'n opinie te vorm. Die definiëring en daarstelling van Forensiese Maatskaplike Werk as spesialiteitsrigting is nie alleen van belang vir die Maatskaplike professie of werker self nie, maar ook vir die kliënt, die regstelsel, opleidingsinstansies en die professionele raad.

### 6.2 Die Terrein van Forensiese Maatskaplike werk

Alvorens die terrein van forensiese maatskaplike werk afgebaken kan word, is dit nodig om die take/funksies van die Forensiese Maatskaplike Werker uiteen te sit.

Aangesien Forensiese Maatskaplike Werk nog nie binne die Suid-Afrikaanse konteks gedefinieer was nie en daar moontlik onsekerheid by maatskaplike werkers bestaan oor wat die taak of funksies is, is 'n vraag aan die respondente gevra oor wat hulle as die funksies van die forensiese maatskaplike werker beskou. Die funksies sal dan as 'n vertrekpunt gebruik word om die terrein af te baken waarbinne die Forensiese Maatskaplike Werker in Suid-Afrika moet werk.

- Die meeste respondente was dit eens dat die **lewering van deskundige getuienis** die belangrikste taak van 'n Forensiese werker behoort te wees. Om die taak te kan verrig, is dit van belang dat die maatskaplike werker oor bepaalde kennis, kwalifikasies en/of ondervinding en vaardighede moet beskik (Schmidt, 2003:240).

- Aangesien die forensiese maatskaplike werker dienste lewer aan die regstelsel en die regstelsel dus die werker se kliënt is, behoort 'n forensiese maatskaplike werker **kennis te dra van die regstelsel en alle toepaslike wetgewing.** Een aspek wat deurlopend deel is van alle

forensiese werk ongeag in watter veld die werker in spesialiseer, is die feit dat 'n forensiese werker deeglik moet kennis dra van Wetgewing. Hierby word ook ingesluit bepaalde hofprosedures en hofjurisdiksies soos vervat in die Kinderwet, Siviele wetgewing, die Wet op Rehabilitasie, die Strafproseswet en die Egskeidingswet. Laasgenoemde word ook bevestig in die National Organization of Forensic Social Work van Amerika (2007:1) se uiteensetting van die funksies van 'n forensiese maatskaplike werker.

- Die forensiese maatskaplike werker se kliëntestelsel is die regstelsel. Die taak van die Forensiese Maatskaplike Werker is om **ongekontamineerde feite in te samel**. In hierdie proses moet daar te alle tye 'n neutrale, objektiewe rol deur die Forensiese Maatskaplike Werker ingeneem word.

- **Verslagskrywing** deur die forensiese maatskaplike werker aan die hof, is ook deur die respondente uitgewys as 'n taak/funksie van die forensiese maatskaplike werker. Die respondente was dit ook eens dat die stawing van assesseringsinligting met wetenskaplike literatuur vir die forensiese maatskaplike werker en die hof noodsaaklik is. Verskeie hipoteses vir moontlike verklarings van 'n maatskaplike verskynsel moet ondersoek en gestaaf word met wetenskaplike literatuur. Navorsing deur Barker en Branson (2000:40) wat in die VSA gedoen is, bevestig dat die mees effektiewe maatskaplike werkers tydens hofverrigtinge onder meer beskik oor **deeglike kennis van hulle vakgebied en seker is van hulle feite.** Om in beheer te wees van hulle vakgebied moet hulle dus op hoogte wees van die mees resente vakliteratuur en in staat wees om assesseringsinligting met wetenskaplike literatuur te staaf.

- **Kollaterale ondersoeke sowel as die assessering van kliënte vir die hof** word deur die Respondente uitgewys as taak/funksie van die forensiese maatskaplike werker.

Uit die ondersoek en die bestudering van literatuur (Barker & Branson, 2000:15-17) het die ondersoeker die terrein van Forensiese Maatskaplike Werk soos volg uiteengesit:

- Die terrein sal primêr bepaal word deur die aanwesigheid van 'n maatskaplik gefundeerde assesseringsproses van individue en die betrokke sisteme vir die hof, die stawing van inligting deur literatuur en navorsing, die samestelling van 'n hofverslag en lewering van deskundige getuienis oor 'n bepaalde maatskaplike verskynsel.

- Die lewering van deskundige getuienis kan deel vorm van enige regsproses — in kriminele sake, kinderhofsake, siviele sake en rehabilitasiehofsake.

- Voorbeelde hiervan is: 'n Aannemingswerker moet oor kennis in terme van aanneming (kinderontwikkeling, binding, ouerskapstyle) beskik. 'n Maatskaplike assesseringsproses moet gevolg word met betrokke persone en 'n hofverslag moet voorberei word in terme waarvan sy/hy as deskundige getuie gaan optree in die hof. So 'n persoon kan beskou word as 'n Forensiese Maatskaplike werker in die veld van aanneming. Voorvonnisverslae word ook voorafgegaan deur 'n maatskaplike assesseringsproses, bevindinge word deur wetenskaplike literatuur bevestig en die werker lewer deskundige getuienis ten opsigte van die proses en bevindinge. Die werker wat dus in dié veld spesialiseer, moet oor kennis en vaardighede beskik van die spesifieke veld. So 'n persoon sal dus as 'n Forensiese Maatskaplike werker in die veld van rehabilitasie bekend staan. Kinderhofondersoek waar fisiese- of seksuele mishandeling moontlik plaasgevind het, sal deur 'n Forensiese Maatskaplike Werker gedoen word wat oor spesialiskennis beskik van forensiese onderhoudvoering met 'n kind, kinderontwikkeling en die Kinderwet.

## 7. LEEMTES WAT ERVAAR WORD IN DIE PRAKTYK

Tans betree maatskaplike werkers wat slegs 'n vierjaar graad verwerf het, 'n terrein waaroor hulle weinig of geen kennis beskik of vaardighede ontwikkel het tydens hulle opleiding nie. Maatskaplike werkers wat slegs oor 'n vierjaargraad in Maatskaplike Werk beskik, voldoen nie aan die kriteria soos uiteengesit in die Strafproseswet, Wet 74 van 1982 en die Bewysreg

(Schmidt, 2003) oor wie as deskundige in die hof mag optree nie. In die huidige omstandighede sal die hof dan dikwels hierdie maatskaplike werkers se verslae en getuienis nie aanvaar nie. Laasgenoemde het tot gevolg dat nie net die maatskaplike werker nie maar ook maatskaplike werk as professie sy kredietwaardigheid verloor.

Die regslui in Suid-Afrika is van mening dat daar op hierdie stadium nie eenvormigheid is oor 'n raamwerk vir voorvonnisverslae deur maatskaplike werkers nie en dat dit vir regslui probleme skep (De Koning, 2006:17). Dié regslui is verder van mening dat alleen wanneer daar 'n eenvormige formaat is wat alle relevante faktore soos deur die regslui uitgewys, insluit, 'n sinvolle bydrae tot die regsproses gelewer kan word deur maatskaplike werkers. Barker en Branson (2000:17) identifiseer assessering, verslagskrywing en die verhouding met die regstelsel as die fundamentele terreine en vaardighede in Forensiese Maatskaplike werk.

Deeglike en betroubare assessering kan nie gedoen word, sonder die deeglike beredenering van feite nie. Laasgenoemde geld veral omdat dit binne 'n hofomgewing gebruik moet word en dit aan die vereistes soos uiteengesit in die wet moet voldoen. Regslui is van mening dat Maatskaplike werkers se: "...beredenering as sulks as redelik beskou kan word, maar die probleem is juis dat dit op foutiewe en/of onvolledige feitebasis berus, want ondersoeke is meestal oppervlakkig en inligting word nie geverifieër nie" (Barker & Branson, 2000:17). Die evaluering en aanbevelings wat maatskaplike werkers aan die hof voorhou, verg uitgebreide en toepaslike kennis, kundigheid en insig van sowel maatskaplike werk teorie en ook kennis van toepaslike aspekte van die reg. Plaaslike sowel as oorsese literatuur (Howes, 1990:68-69) bevestig dat maatskaplike werkers in die praktyk nie oor die toepaslike regskennis wat noodsaaklik is vir die werker, in terme van deskundige getuieneislewering, en assessering, beskik nie. Die feit dat maatskaplike werkers wat nie oor die kundigheid of kennis beskik nie, die hof betree as deskundige getuies is moontlik die rede waarom die hof Maatskaplike Werk nie as 'n volwaardige professie in eie reg beskou nie.

## 8. GEVOLGTREKKINGS

Die forensiese maatskaplike werker moet oor spesialis kennis beskik van 'n bepaalde aspek waarin sy/hy wil spesialiseer. Om aan die verreiste te voldoen moet sy/hy spesialisopleiding ontvang. Laasgenoemde kan geskied deur middel van na-graadse studies of geakkrediteerde kursusse deur goedgekeurde opleidingsinstansies.

Vanuit die navorsingsresultate is dit duidelik dat selfs die maatskaplike werkerskorps nie oor genoegsame kennis beskik oor wat die terrein van Forensiese Maatskaplike Werk behels nie. Hierdie onkundigheid mag tot gevolg hê dat hulle, hulself blootstel aan die hof sonder die kennis en vaardighede van die spesialisveld. Hul geloofwaardigheid as deskundige getuies word deur die hof bevraagteken, en het oor die jare ook tot gevolg gehad dat die hof die maatskaplike professie as minderwaardig beskou en die welsynsbeeld aan die professie toedien. Die hof vind dit dus moeilik om weg te beweeg van die welsynsbeeld en die maatskaplike werker te beskou as 'n deskundige en sy/ haar getuienis te benut in die regsproses. Die hof sal ook nie sy opinie oor die professie Maatskaplike Werk verander nie, aangesien daar daagliks nog maatskaplike werkers toegelaat word, om deel te neem in die hofproses, terwyl hulle nie aan die kriteria van 'n deskundige voldoen nie.

Daar was tot dusver nie in die Suid-Afrikaanse konteks 'n algemeen aanvaarde definisie van Forensiese Maatskaplike Werk nie. Dit het tot gevolg gehad dat daar verwarring bestaan oor die taak en terrein van Forensiese Maatskaplike werk. Die bestaande literatuur oor Forensiese Maatskaplike Werk as spesialiteitsveld in Suid-Afrika, is beperk en die terrein leen hom tot baie navorsing moontlikhede.

Die feit dat die funksies en terrein van Forensiese Maatskaplike Werk in Suid-Afrika nog nie afgebaken is nie, het ook tot gevolg dat instansies maatskaplike werkers in diens neem wat nie oor genoegsame kennis, opleiding en ondervinding beskik nie, om die take van 'n Forensiese Maatskaplike Werker te doen. Dié tendens het tot gevolg dat werkers aan situasies in die hof blootgestel word waarvoor hulle nie opgelei of opgewasse is nie. Die gevolg

hiervan is dat die professie in geheel skade berokken word asook die betrokke individu wat haar/sy kredietwaardigheid in die hof verloor. As gevolg hiervan beskou die regstelsel maatskaplike werkers nie as deskundiges nie en moet elke betrokke maatskaplike werker wat in die hof optree 'n tweede hofproses binne in die oorspronklike hofproses betree, om eers haar deskundigheid te bewys. Dit lei dikwels tot 'n hofsaak binne die oorspronklike hofsaak en is baie tydrowend.

Indien die SA Raad vir Maatskaplike Diensberoepe die veld as spesialiteitsveld kan identifiseer, sal dit ook die regstelsel help om te bepaal watter maatskaplike werkers die hof kan bystaan met 'n deskundige opinie.

Die definisie wat aanvaar is uit die literatuur- en empiriese ondersoek kan deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe gebruik word as vertrekpunt vir spesialisdienlewering aan die kliëntestelsel sowel as die regstelsel.

Die take/funksies van die forensiese maatskaplike werker is uiteengesit met die doel om die terrein van forensiese maatskaplike werk af te baken.

Daar bestaan tans verskeie leemtes in die praktyk omdat Forensiese Maatskaplike Werk nog nie as 'n spesialisteveld in Suid-Afrika beskou word nie. Nie alleen het dit 'n negatiewe invloed op die maatskaplike werker wat daaraan blootgestel word nie maar ook op die professie in geheel.

## 9. AANBEVELINGS

- Forensiese Maatskaplike Werk moet as 'n spesialisveld by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe geregistreer word.

- Die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe moet van 'n applikant wat wil registreer as 'n forensiese maatskaplike werker verwag om 'n toelatingseksamen oor toepaslike wetgewing te slaag en bewyse te lewer van na-graadse opleiding in 'n spesifieke maatskaplike veld in die professie Maatskaplike Werk. Sodoende sal die Raad sy doelwit-om professionele maatskaplike dienslewering aan die gemeenskappe van

Suid- Afrika te verseker-, bereik.

- Kriteria moet saamgestel word waaraan 'n maatskaplike werker moet voldoen alvorens sy/hy kan registreer by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe as 'n Forensiese Maatskaplike werker.

- In samehang hiermee moet die tersiêre opleidingsinstansies hulle beywer vir die daarstelling van genoegsame opleidingsgeleenthede sodat maatskaplike werkers hulself kan bekwaam, en aan hul kliënte en die regstelsel die diens lewer wat van hulle verwag word.

- Die definisie wat aanvaar is uit die ondersoek moet enersyds as vertrekpunt gebruik word vir spesialistedienslewering aan die kliëntestelsel sowel as die regstelsel en andersyds deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe as riglyn vir 'n spesialiteitsveld in Forensiese Maatskaplike Werk.

- Die spesifieke terreine waarin die Forensiese Maatskaplike Werker kan spesialiseer moet nog uitgeklaar word. Moontlike terreine kan die volgende insluit: aannemings, voorvonnisondersoeke, rehabilitasie ondersoeke, kinderhof ondersoeke waar seksuele- en of fisiese mishandeling teenwoordig is, toesig en beheer ondersoeke, huweliksgeweld ondersoeke en jeugmisdaad ondersoeke.

## 10. SAMEVATTING

Die uurglas in terme van regulering van Forensiese Maatskaplike Werk het al lankal uitgeloop. Daar is reeds talle maatskaplike werkers in die Forensiese veld wat nie oor genoegsame kennis en opleiding beskik nie. Dit kan beskou word as 'n krisis aangesien hierdie werkers blootgestel word aan 'n regstelsel wat baie krities in hul evaluering van deskundigheid is. Hulle bevind hul in situasies waar hul deskundigheid deur die hof bevraagteken word en die howe dan al die praktiserende forensiese werkers se deskundigheid as gevolg van uitgewysde sake negatief beoordeel. Die werkers in die veld betree dus

die hofsituasie met 'n bestaande negatiwiteit vanaf die hof oor die professie maatskaplike Werk, wat eers oorkom moet word voor daar oor die feite van die saak getuienis gelewer kan word. Maatskaplike werkers kan nie die Forensiese veld betree, indien hul nie oor genoegsame ondervinding, na-graadse opleiding en kennis en vaardigheid beskik nie.

## BRONNELYS


BARKER, R.L. 1995. The Social Work Dictionary. Washington : NASW Press.

BARKER, R.L. 2007. The Social Work Dictionary. Washington : NASW Press.

BARKER, R.L. & BRANSON, D.M. 2000. Forensic Social Work; Legal aspects of Professional practice. New York : The Haworth Press, Inc.

BLESS, C. & HIGSON-SMITH, C. 1995. Fundamentals of social research methods: an African perspective. 2nd ed. Cape Town : Juta.

BRONWELL, R. & ROBERTS, A.R. 2002. A century of social work in criminal justice and correctional setting. *Journal of offender Rehabilitation*, 35 (2).

DE KONING, S.PI 2007. Maatskaplikewerk-Voorvonnisverslae: Die ontwikkeling van riglyne. Potchefstroom: Noordwes Universiteit. (Verhandeling – MA Maatskaplike Werk) 26p.

STRYDOM, H., FOUCHE, C.B., 2005. Research at grass roots: a primer for the caring professions. Pretoria : J.L. van Schaik.

GREEN, G., THORPE, J. & TRAUPMANN, M. 2005. The sprawling thicket: Knowledge and specialization in forensic social work. *Australian Social Work,* 58(2): 142-152.

GRINNELL, R.M. & WILLIAMS, M. 1990. Research in Social Work: a primer. Itasca, IL. Peacock.

HOWES, M.F. 1990. Die Maatskaplike werker as deskundige getuie in die hof. *Maatskaplike Werk /Social Work*, 26(1): 67-73.

KALISKI, S. 2006. Psychological assessment in South- Africa. Oxford : Oxford University Press Southern Africa.

KUEHNLE, K. 1996. Assessing allegations of child sexual abuse. Sarasota : Professional resource Exchange.

LUDWIG, C. 2007. 'n Ondersoek na opleidingsgeleenthede vir spesialisasie in forensiese maatskaplike werk. Potchefstroom:Noordwes Universiteit. (Skripsie – MA)

MYERS, J.E.B., BERLINER, L., BRIERE, J., JENNY, C., HENDRIX, C.T. & REID, T. 2002 The APSAC handbook on child maltreatment. Thousand Oaks: Sage publications.

NATIONAL ORGANIZATION OF FORENSIC SOCIAL WORK. 2007 What is Forensic Social Work? http://www.nofsw.org. [Datum van gebruik: 31 Mei].

NEUMAN, W.L. 1994. Social research methods: qualitive and quantitive approaches. $4^{th}$ ed. Boston : Allyn & Bacon.

NEW DICTIONARY FOR SOCIAL WORK. 1995. Kaapstad : CTP Book Printers.

ROOS,V. & VORSTER, C. 2003. An Introduction to Forensic Psychology. Wingate Park : Verbum Publishers.

ROBERTS, A.R. & BROWNELL, P. 1999. A Century of Forensic Social Work: Bridging the Past to the Present. *Social Work*, 44(1):359-362.

RUBIN, H.J. 1983. Applied social research. London : Charles E. Merrill Publishing Company.

RUBIN, A. & BABBIE, E. 2001. Research methods for social work. Pacific Grove, CA : Brooks/Cole.

SCHMIDT, C.W.H. Bewysreg. 1993. 3de uitgawe. Durban : Butterworths.

SCHMIDT, C.W.H. Bewysreg. 2003. 4de uitgawe. Durban : Butterworths.

SOUTH AFRICAN COUNCIL FOR SOCIAL SERVICE PROFESSIONS. 2006. Official Newsletter. April 25(1).

STRYDOM, H. 1999. Maatskaplikewerknavorsing (MWK 321/411). Potchefstroom: PU vir CHO. (Diktaat D134/99). Potchefstroom : Xerox Drukkery.

STUTTERHEIM, E. & WEYERS, M.L. 1999. Forensic social work: with special reference to the forensic social work service of the SAPS. *Maatskaplike Werk/Social Work,* 35(1):11-21.

WEYERS, DR. M.L. 2001. Demarcating the field of forensic social work in South-Africa: a basic document. Pretoria. Document presented to the South African Council for Social Service Professions.

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

# ADDENDUM 1

Reference number | | | |

## SECTION A: DEMOGRAPHIC DETAILS

1. Age in years

| | | |
|---|---|---|
| 21 – 30 | | 1 |
| 31 – 40 | | 2 |
| 41 – 50 | | 3 |
| 51 – 60 | | 4 |
| Above 60 | | 5 |

2. Gender

| | | |
|---|---|---|
| Male | | 1 |
| Female | | 2 |

3. Years Experience

| | | |
|---|---|---|
| 1 – 5 years | | 1 |
| 6 – 10 years | | 2 |
| 11 – 15 years | | 3 |
| 16 – 20 years | | 4 |
| 21 – 25 years | | 5 |
| More than 25 years | | 6 |

4. In which province do you work?

| | | |
|---|---|---|
| Gauteng | | 1 |
| Limpopo | | 2 |
| North West | | 3 |
| Free State | | 4 |
| Eastern Cape | | 5 |
| Western Cape | | 6 |
| Northern Cape | | 7 |
| Mpumalanga | | 8 |
| Kwa-Zulu Natal | | 9 |

5. Your mother tongue language

| | | |
|---|---|---|
| Afrikaans | | 1 |
| English | | 2 |
| Tswana | | 3 |
| Zulu | | 4 |
| Xhosa | | 5 |
| Ndebele | | 6 |
| Venda | | 7 |
| Swati | | 8 |
| Sesotho | | 9 |
| Sepedi | | 10 |
| Tsonga | | 11 |

6. Geographical Area

| | | |
|---|---|---|
| Urban | | 1 |
| Semi-urban | | 2 |
| Rural | | 3 |

7. Highest qualification

| | | |
|---|---|---|
| Diploma in Social Work | | 1 |
| 3 Year Degree in Social Work | | 2 |
| 4 Year Degree in Social Work | | 3 |
| Honours in Social Work | | 4 |
| Masters Degree in Social Work | | 5 |

8. Workplace

| | | |
|---|---|---|
| PhD in Social Work | | 6 |
| Department of Social Development | | 1 |
| Correctional Service | | 2 |
| Department of Defence | | 3 |
| Department of Health | | 4 |
| NGO | | 5 |
| Hospital | | 6 |
| Department of Justice | | 7 |
| Occupational Social Work | | 8 |
| Private Practice | | 9 |
| Psychiatry Hospital | | 10 |
| Other | | 11 |

**SECTION B: EXPERIENCE IN STATUTORY WORK**

9. Have you done statutory work before?

| | | |
|---|---|---|
| Yes | | 1 |
| No | | 2 |

10. Name the courts in which you have acted in your professional capacity as social worker the last 5 years

| | Yes | | No | |
|---|---|---|---|---|
| Children's Court | | 1 | | 2 |
| Youth Delinquency Court | | 1 | | 2 |
| Rehabilitation Court | | 1 | | 2 |
| Criminal Court | | 1 | | 2 |
| Civil Court | | 1 | | 2 |
| High Court | | 1 | | 2 |
| Highest Court of Appeal | | 1 | | 2 |

11. How many years experience do you have in pre-conviction cases?

| | | |
|---|---|---|
| 0 years | | 1 |
| 1-5 years | | 2 |
| 6-10 years | | 3 |
| 11-15 years | | 4 |
| 16-20 years | | 5 |
| More than 20 years | | 6 |

12. How many years experience do you have in post-conviction cases?

| | | |
|---|---|---|
| 0 years | | 1 |
| 1-5 years | | 2 |
| 6-10 years | | 3 |
| 11-15 years | | 4 |
| 16-20 years | | 5 |
| More than 20 years | | 6 |

13. Have you written reports to the criminal court, pre conviction (for example assessment report)?

| | | |
|---|---|---|
| Yes | | 1 |
| No | | 2 |

14. Have you written reports to the criminal court, post conviction? (for example victim impact report or pre sentence report)?

| | | |
|---|---|---|
| Yes | | 1 |
| No | | 2 |

15. Mark the types of reports that you have written to the court the last five years

| | Yes | | No | |
|---|---|---|---|---|

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 15.1 | Children Court Report | | 1 | | 2 |
| 15.2 | Rehabilitation Court Report | | 1 | | 2 |
| 15.3 | Pre Conviction Report | | 1 | | 2 |
| 15.4 | Post Conviction Report | | 1 | | 2 |
| 15.5 | Civil Court Report | | 1 | | 2 |
| 15.6 | Custody Report | | 1 | | 2 |
| 15.7 | Guardianship Report | | 1 | | 2 |
| 15.8 | Other | | 1 | | 2 |

16. In which of the following courts have you act as a forensic social worker? (Pre conviction)

| | | Yes | | No | |
|---|---|---|---|---|---|
| 16.1 | Children Court | | 1 | | 2 |
| 16.2 | Rehabilitation Court | | 1 | | 2 |
| 16.3 | Criminal Court/Pre Conviction | | 1 | | 2 |
| 16.4 | Civil Court | | 1 | | 2 |
| 16.5 | High Court | | 1 | | 2 |
| 16.6 | Highest Court of Appeal | | 1 | | 2 |

**SECTION C: THE NATURE OF FORENSIC SOCIAL WORK FIELD**

17. Which one of the following definitions reflect your opinion of forensic social work?

17.1 "Forensic Social work is a professional speciality that focus on the interface between society's legal and human systems. It includes such activities as providing expert testimony in courts of law, investigating cases of possible criminal conduct and assisting the legal system in such issues as child custody disputes, divorce, non-support, delinquency, spouse or child abuse, mental hospital commitment and relative's responsibility" (Barker & Branson, 2000:1). 1

17.2 According to Stutterheim and Weyers (1999) one should take the historical background of statutory social work and forensic social work in South Africa into account. They argued that statutory social work should not simply be replaced by forensic social work because forensic social work has a narrower meaning. They recommended that in South Africa it should be defined as: "...a specialised field of social work practice that is characterised by the social worker's primary function of providing expert testimony in courts of law". 2

17.3 According to Roberts and Brownell (1999:360) Forensic social work is defined as "the practice speciality in social work that focuses on the law and educating law professionals about social welfare issues and social workers about the legal aspects of their objectives". This definition incorporates the practice of social work in family violence and the courts, juvenile justice and adult operationally define forensic social work as policies, practices, and social work roles with juvenile and adult offenders and victims of crimes. 3

18. If you do not agree with the above definitions, give your own definition.

__________________________________________

__________________________________________

__________________________________________

_______________________

19. Which of the following tasks do you consider to be part of the Forensic Social Worker?

| | | Yes | | No | |
|---|---|---|---|---|---|
| 19.1 | Assessment of the client | | 1 | | 2 |
| 19.2 | Collateral investigation (sistemic) | | 1 | | 2 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 19.3 | Therapy | | 1 | | 2 |
| 19.4 | Psychometric Tests | | 1 | | 2 |
| 19.5 | Verification of assessment information with scientific literature | | 1 | | 2 |
| 19.6 | Report writing | | 1 | | 2 |
| 19.7 | Giving expert witness in court pre conviction | | 1 | | 2 |
| 19.8 | Giving expert witness in court post conviction | | 1 | | 2 |
| 19.9 | Opening and settlement of children's court procedures | | 1 | | 2 |
| 19.10 | Probation | | 1 | | 2 |

**SECTION D: KNOWLEDGE AND SKILLS**

20. Except for your formal qualification as a Social Worker, name all other qualifications in respect of forensic social work?

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_________________________________

21. Name the short courses in forensic social work that you have attended the last five years?

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_________________________________

22. Summarize the detail of your experience in the field of forensic social work.

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_________________________________

23. Name the field of specialized training that you think a forensic social worker should have, to assist the court (for example law of evidence, private law)

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_________________________________

24. Do you think that a four year degree in social work is sufficient to a social worker to be consider as an expert by the court?

| | | |
|---|---|---|
| Yes | | 1 |
| No | | 2 |

If 'yes' motivate your answer

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

________________________

If 'no' motivate your answer

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

________________________

25. What do you consider as specific knowledge, skills and expertise that a social worker should have when doing forensic social work?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

________________________________

26. Do you think there is a need in the market for forensic social work to be considered as a speciality in social work?

| | | |
|---|---|---|
| Yes | | 1 |
| No | | 2 |

If 'yes' motivate your answer

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

________________________

If 'no' motivate your answer

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

________________________

27. What do you consider as the minimum qualifications, that a social worker should have to be a forensic social worker?

| | | |
|---|---|---|
| 4 Year Social Work Degree and 5 year experience in forensic work | | 1 |
| 4 Year Social Work Degree and a short course in forensic work | | 2 |
| 4 Year Social work Degree, a short course in forensic work and 5 year experience in forensic work | | 3 |
| A Masters Degree in Social Work and 5 year experience in forensic work | | 4 |
| A PhD in Social Work and 5 year experience in forensic work | | 5 |

28. Do you think there is a need to establish a Forum for Forensic Social Work?

| | | |
|---|---|---|
| Yes | | 1 |
| No | | 2 |

If 'yes' motivate your answer

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

________________________

If 'no' motivate your answer

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

________________________

Thank You

Dr CC Wessels
Project Coordinator